

# SnapScan is hier!

Lynnwoodrif is ook nou deel van die slimfoongenerasie! Jy het nou nog 'n maklike en veilige manier om jou dankoffer, kollekte- of maandelikse bydrae te maak. SnapScan is 'n toepassing ("App") wat jou in staat stel om maklik betalings met behulp van jou selfoon te maak.

## **Vervang SnapScan ander betaalmetodes?**

Glad nie! Ons wil graag meer opsies en gerief aanbied en jy kan jou bydrae maak op watter manier ook al vir jou die gerieflikste is. Meelewing as gemeente is belangrik en ons sal nie kontantkollekte, debietorders, bankinbetalings of EFT bydraes afskaf nie. SnapScan gee net nog een addisionele kanaal om jou bydrae te maak om ander te seën. Talle Suid Afrikaanse kerke regoor die land gebruik dit reeds.

## **Hoe laai ek die toepassing (app) af om SnapScan te gebruik?**

Soek op jou selfoon se App Store vir SnapScan inligting of besoek die [www.snapscan.co.za](http://www.snapscan.co.za) tuisblad vir die skakels na die Apple Store, Google Play en BlackBerry Wêreld platforms.

## **Hoe betaal ek met SnapScan?**

Maak die SnapScan app oop en klik op "scan". Die Snapcode ('n QR-kode of vierkantige barkode) vertoon in die kerkportaal, teen die saal skuifdeur of op die afkondigings om te skandeer. Dit identifiseer LYNNWOODRIF GEMEENTE outomaties en vra jou om die bedrag te verskaf wat jy wil oorbetal. Jy verskaf dan jou unieke en veilige PIN om die transaksie te magtig en te voltooi. Die kerk sal dan 'n kennisgewing via SMS en e-pos ontvang dat die betaling gemaak is. Die persoon wat die inbetaling doen bly ook op ons versoek anoniem in die kennisgewings wat die kerk ontvang, tensy jy jou naam spesifiek as deel van die verwysing gebruik. Daarvoor het ons 'n afsonderlike rekening en kode by SnapScan. Daardie kode is in die kantoor op aanvraag beskikbaar. Die kode vir algemene bydraes wat anoniem sal wees is hieronder gedruk:



### **Hoeveel sal die SnapScan transaksie my kos?**

SnapScan is heeltemal gratis vir gebruikers om af te laai en te gebruik. Netwerkoperateur datakoste is van toepassing, maar die App is minder as 10MB in grootte, afhangende van die toestel wat jy gebruik. Transaksies gebruik ook baie min data en kos dieselfde bedrag as 'n enkele Whatsapp boodskap.